# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 | Mei 1995 | Vol. 4

# DIE KERKLIKE WEG

## Normale kanale

Die stof het nog nie gaan lê oor die byeenkomste van die bekommerde gereformeerdes nie. Die beskuldiging van selektiewe uitnodiging is grotendeels met die tweede vergadering reggestel. Die jongste beswaar teen sulke byeenkomste is dat sodanige vergaderings nie volgens die kerklike weg is nie. Daar word beweer dat die byeenkomste aparte "kerk-strukture" wil vestig. Buitendien kan enige bekommernis mos langs die normale kanale, waarop ooreengekom is, besleg word. Die kerkorde maak tog daarvoor voorsiening. Hierdie sake is die moeite werd om te bespreek, en om hieraan reg te laat geskied, moet twee sake aandag kry. Eerstens moet gekyk word na wat die kerk is, en dus die kerklike weg, en tweedens na die redes waarom die gesprekke ontstaan het. Wat is die onderliggende behoefte van "bekommerdes" ('n ongelukkige benaming) se byeenkomste?

## Liggaam van Christus

Die kerk is die liggaam van Christus. Sonder om die beeld eensydig te beklemtoon, kan daar vir die vraag oor die kerklike weg duidelikheid kom uit wat die beeld van die kerk sê. Die liggaam dui 'n lewenseenheid met Christus aan deur die inwoning van die Heilige Gees. Die liggaam word regeer deur die hoof, Christus, deur die Woord en deur die Gees. Eenheid is afhanklik van die waarheid. 'n Gesprek oor "die kerklike weg" sal nie op dreef kom solank hieroor verskil word nie. Eenheid rondom die waarheid van die Woord, eenheid deur die een Gees wat die liggaam aan mekaar bind, is noodsaaklik. Die liggaam-beeld eis dat verskille nie sommer afgemaak mag word as gesonde verskeidenheid nie. Oor die waarheid mag daar geen verskil bestaan nie, die waarheid is die binding tot eenheid. Sonder waarheid is daar geen eenheid nie. Daarom moet enige beoordeling van die "bekommerdes se byeenkomste" gemeet word aan hierdie maatstaf: of daar die ernstige strewe is om God in Gees en in waarheid te aanbid. Die belewing van die kerkverband is baie belangrik, maar ons moet nie in die Rooms-Katolieke slaggat trap nie. Die verband (strukture?) konstitueer nie die eenheid nie. Uit die eenheid rondom die waarheid kom die verband.

## Vakuum

Die byeenkomste van die bekommerdes wil nie die kerke skeur nie;hulle wil juis hierdie waarheidseenheid bevorder. Die byeenkomste wil ook nie die afgesproke "kerklike weg" omseil nie. Inteendeel, die gesprekke wil juis die amp van die gelowige stimuleer tot volle ontplooiing. Tog moet gevra word - wat is die onderliggende behoefte wat aanleiding gegee het tot sulke gesprekke? Beskuldigings dat die bekommerdes sommer net gefrustreerde klakouse is, is onregverdig. Die bekommerdes het (miskien selfs onwetend) een ding baie duidelik na vore gebring: daar is 'n vakuum. Dit word gestel dat die normale kerklike weg gevolg kan word, maar is daardie weg REGTIG oop? 'n Paar dinge het aanleiding gegee tot hierdie leemte in die belewing van die kerklike weg soos ons dit ken.

## Agenda

Gebeur dit dat kerkrade praat oor sake wat regtig saak maak? Kyk maar na die agenda! Ure

### *IN HIERDIE UITGAWE:*


- ★ Die kerklike weg ........ 1
- ★ Skrifoordenking ........ 3
- ★ Kerkreg in die GKSA (2): 'n Kritiese evaluering ........ 4
- ★ Godsverwarring (2) ........ 5
- ★ Skrifbeskouing in die Gereformeerde Kerke ........ 7
- ★ Boekresensie: Die Jehovah-Getuies ........ 10
- ★ Gereformeerde Persvereniging Veritas: Grondslag en Doel ........ 12

word aan organisatoriese sake afgestaan. Sake soos byvoorbeeld terreinbestuur word deur broeders op die kerkraad behartig. Miskien moet ons ons agendas begin skoonmaak. Wat hoort op die kerkraadsagenda? Sake wat goedskiks deur die lidmate (in die amp van die gelowige) behartig kan word, moet nie deur die kerkraadslede gedoen word nie. Die min tyd wat beskikbaar is, moet ingeruim word sodat rondom die Woord gepraat kan word oor "dinge wat bekommer".

Tweedens moet weer na kommissies gekyk word, wat natuurlik noodsaaklik is. Kommissies mag nie 'n vervanging wees van elke kerkraadslid se prinsipiële begronding oor 'n saak nie. Kommissie mag nie vergaderings stoomroller met vooraf-besluite nie. Verklein die agenda van die kerkraadsvergaderings. Praat oor ampswerk en nie oor allerhande randsake nie. Baie van die probleme kan teruggevoer word na die (nagmaals-)ouderlinge wat nie hulle dienswerk (veral ook onderrig van die gemeente) nakom nie, of bloot onbevoeg is.

## Visitasie

'n Groot oorsaak van die onderliggende probleem wat die bekommerdes uitgewys het, is swak visitasie. Dikwels word visitasie beleef as "inspeksie" en dat ons 'n goeie voetjie voorsit en nie "uitpraat" nie. Tweedens is die frekwensie van visitasie heeltemal te min. Baie sake kom nie na vore as daar slegs drie jaarliks visitasie gedoen word nie. Die gemeente moet ook groter vrymoedigheid hê om die visitatore te woord te staan. Tans weet min lidmate wat visitasie is. Visitasie is 'n wonderlike manier om op mekaar te let dat ons by ons onderlinge afsprake bly.

## Klassis

Die klassis behoort te praat oor sake wat van die kerkraadstafel af kom en waaroor daar nie uitsluitsel is nie. Die klassis moet aan onafgehandelde sake aandag gee. Die klassis het dus 'n beperkte agenda. Daarom mag die gesprekke van die bekommerdes nie as 'n vervanging van die klassis en ander meerdere vergaderings gesien word nie. Die klassis leen hom doodeenvoudig net nie tot sodanige gesprekke nie. Soms wil daar net meer inligting oor 'n saak bekom word, soms is daar eerlike vrae wat nie bedoel is as 'n beswaarskrif, gravamen, ens. nie.

Voordat byvoorbeeld 'n beswaarskrif as ontvanklik beskou word, moet (heeltemal tereg) nagegaan word watter sinodes al oor die saak gehandel het. Die feit dat 'n sinode al oor 'n saak gehandel het, beteken ook nie noodwendig dat elke lidmaat daarvan bewus is nie. Hier is 'n ernstige leemte. Die sinodebesluite mag nie kerklike "kodekse" (wetboeke) word nie. Dit bring die vraag na vore of die stelsel nie dalk te juridies ingewikkeld geword het nie. Daar moet teen twee sake gewaak word. Eerstens dat "sinodes" gesien word as die "hoofkantoor" van ons gemeente, en dat mens van "hulle besluite" ook maar net in die verbygaan kennis neem. Kerkraadslede stel in die algemeen maar min belang in wat op die klassis gesê is, wat nog te sê die deursnee-lidmaat. Hier is nog 'n ernstige vakuum. Sinodes is vergaderings van meer kerke oor gemeenskaplike sake. Sinodes is nie 'n paar predikante en (elke keer dieselfde?) ouderlinge wat vergader nie. As die sinodes dan kerke, m.a.w. gemeentes, is wat in hulle afgevaardigdes vergader, hoekom word so min "terugvoer" aan die gemeente gegee? Weet die kerkraad waaroor die klassis handel?

Ons moet ook waak daarteen dat die gemeente heeltemal onbetrokke bly in sake van gemeenskaplike belang. Die kerklike weg, soos dit veronderstel is om te werk, moet dan inderdaad juis so funksioneer. Die kerklike weg moet "oper" word. Dit kan ook meehelp dat baie van hierdie onderliggende leemtes uit die weg geruim word. Dit is baie noodsaaklik dat die byeenkomste van die "bekommerdes" voortgesit word. Dit is juis die kerklike weg. Dit wil nie die afgesproke manier vervang nie maar dit juis in volle werking stel. Die leemte van kennis oor die kerklike weg moet grondig aangespreek word. Die gesprekke het ten doel dat die ampte, veral die amp van die gelowige, weer ten volle tot sy reg kom. Die bekommerdes wil nie aparte "strukture" op die been bring nie, maar in alles kerklik, as liggaam van Christus, optree.

## Gewetensbinding

Die gesprekke mag egter nie loopgrawe word, vanwaar die kerke heimlik in 'n sekere rigting gestuur wil word nie. Die gesprekke moet voortgaan juis omdat dit ook die kerklike weg is. Niemand, geen kerkraad, kuratorium of wie ookal, mag lidmate verbied om aan sulke gesprekke mee te doen nie. Om die waarheid te sê, sulke "aanbevelings tot nie-deelname" is nie die kerklike weg nie. Dit is reglementering en gewetensbinding. As daar deur deelname aan sulke gesprekke in leer of lewe misgaan word, is die toesighouding en uiteindelike tug nog steeds die weg wat gevolg moet word. Maar om by voorbaat lidmate aan te sê om nie aan sulke gesprekke met mede-gereformeerdes deel te neem nie, is onaanvaarbaar.

Gesien teen die agtergrond van al hierdie leemtes moet die kerklike weg, in al sy fasette, verder

uitgebou word, sodat die eenheid van die liggaam van Christus ook meer en meer as kerkverband beleef mag word.

A.L.A. Buys

★★★★★

# Skrifoordenking: 1 Timoteus 2:1-8, teksverse 3-4.

### Dr. C.F.C. Coetzee, Potchefstroom.

Die owerheid van 'n land en die verlossing in Jesus Christus staan nie los van mekaar nie. Inteendeel. Dit sien ons baie duidelik uit ons teksverse. Ons teksverse begin met die woordjie "want" in aansluiting by vers 1 en 2 waar dit gaan oor die gebed vir die owerheid. Daar moet gebid word vir die owerheid "sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid". Paulus skryf dit aan Timoteus en die gemeente in 'n tyd toe die owerheid die christelike godsdiens vyandig gesind was en selfs die gemeente van Christus vervolg het. Calvyn verklaar dat Paulus in ons teksverse ook bedoel dat vir die bekering van die owerheid gebid moet word sodat ons deur ons gebed die drie vrugte van 'n geskikte owerheid kan verkry, nl. 'n rustige lewe, die bewaring van die vroomheid en die beoefening van die erediens, behalwe die openbare eerbaarheid.

Die owerheid wat deur God ingestel is, het nie net die plig en roeping om wette te maak en wet en orde te handhaaf nie. Die owerheid het ook 'n taak ten opsigte van die godsdiens en die sedelike lewe. So bely ons op grond van die Bybel in art. 36 NGB: "Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. ...En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te bevorder om sodoende... die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel." Wat die taak van die owerheid ten opsigte van die valse godsdienste en die ryk van die antichris betref, gebruik ons belydenis woorde soos "teëgaan" en "uitroei" en "vernietig", nie met geweld nie maar deur die manier waarop die heilige Woordbediening beskerm word en aan die kerk ruimte gegee word om sy roeping te vervul. Daar is in ons belydenis nie sprake van godsdiensgelykheid soos dit tans ook in ons land aan die orde van die dag is nie. En as gelowiges mag ons nooit met die huidige situasie vrede hê nie, omdat dit gaan om die uitverkiesing van God en sy verlossing van mense.

Daarom moet ons nooit ophou om vir die owerheid te bid nie. "Want", sê ons teksverse, "dit is goed en aangenaam voor God". God het 'n behae in die opregte gebed. Hy is dit gunstig gestem. Hy wil ons gebede gebruik. Die gebed vir die owerheid mag nooit selfsugtig wees, in die eerste plek in ons eie belang nie. Dit moet nie in die eerste plek vir ons gaan om ons stoflike bestaan en voorspoed nie, maar om die eer van God en om die uitbreiding van sy Koninkryk. Ons moet in die eerste plek bid vir die bekering van die owerheid. Alleen 'n bekeerde owerheid sal homself sien as dienaar van God en in sy regering die wil van God gehoorsaam. Hoe kan 'n owerheid wat uit ateïste en aanhangers van valse godsdienste bestaan sy Godgegewe taak vervul om die valse godsdienste teë te gaan en uit te roei? Natuurlik is God nie van 'n owerheid afhanklik vir die volvoering van sy Raadsplan nie. Hy het in die geskiedenis ook heidense owerhede gebruik om sy Koninkryk te dien en sy wil te gehoorsaam. Dink maar aan mense soos Nebukadnesar en Belsasar en Kores en keiser Augustus.

En God se wil is dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Is hierdie woorde nie in stryd met ons belydenis aangaande die uitverkiesing nie? Ons bely immers uitdruklik dat Christus nie vir alle mense gesterf het nie. Wat bedoel Paulus hier in ons teksverse? Hy bedoel nie dat dit God se wil is dat elke mens, elke individu gered word nie. In die Grieks staan die woorde "alle mense" sonder lidwoord en beteken dit "allerlei" mense, sonder onderskeid van rang en geboorte en stand en posisie. God wil nie net dat mense van laer stand salig word nie maar ook konings en hooggeplaastes, ryk en arm. So het Paulus die evangelie verkondig, ook aan Felix en Festus en Agrippa.

Die mense wil nie gered word nie. Die ateïste en godloënaars wil van die verlossing in die bloed van Christus niks weet nie. Daar was in die geskiedenis en tot vandag toe owerhede wat die ryk van die antichris wou bevorder en die koninkryk van God beveg het, wat dit vir die kerk van Christus al hoe moeiliker maak om die evangelie te verkondig.

Maar dit bly steeds God se wil dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom, ook in die Nuwe Suid-Afrika. Daar is uiteindelik net een waarheid, dat die Drie-enige God van die Bybel die enige ware en ewige God is, dat die

christelike godsdiens die enigste ware godsdiens is, dat Jesus Christus die enigste en volkome Middelaar is, die weg en die waarheid en die lewe. Daarom het die kerk en die gelowiges 'n groter en heerliker roeping as ooit tevore. Die kerk mag nie politiek bedryf nie. Maar ons as gelowiges mag nooit ophou om ons te beywer vir 'n owerheid wat die beginsels van die Bybel wil gehoorsaam nie. Ons mag nooit ophou om die enigste ware evangelie met krag en oortuiging uit te dra, Christus te bely as die enigste en volkome Middelaar en die valse godsdiénste te verwerp en te veroordeel nie. Hoe anders sal mense, ook die owerheid tot die kennis van die waarheid kom? Hoe anders sal mense tot bekering en tot kennis van die waarheid kom as die antitese tussen waar en vals nie helder en duidelik gestel word nie? Bo alles mag ons nooit ophou om vir die owerheid te bid nie, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want die owerheid van 'n land en die verlossing in Christus staan nooit los van mekaar nie.

★★★★★

# Kerkreg in die GKSA: 'n Evaluering (2)

**Referaat deur Ds. G.J. Meijer op 10 September 1994.**

In die vorige aflewering is krities na die kerkregtelike stand van sake in die Gereformeerde kerke gekyk. Die noodsaaklikheid vir kerkregtelike reformasie is aangevoor, en die Kerkorde se begronding is bespreek. In hierdie artikel word verder gehandel oor spesifieke Kerkorde-artikels, en kritiese vrae word gestel.

Artikel 2 stel dat daar vier soorte dienste in die kerk van Christus is: dié van predikant, teologiese professor, ouderling en diaken.
Vraag: waar pas die diens van 'n pastorale sielkundige of berader in?

Artikel 16 reël die ampswerk van die predikant. Hy moet volhard in Woordbediening en gebed. Hy moet die sakramente bedien en ag gee op die hele gemeente. Saam met die ouderlinge moet hy die kerklike dissipline uitoefen. Vraag: is predikante ywerig genoeg besig met dit waarvoor hulle geroep is? Hoeveel werk doen hy buite hierdie opdrag om? En hoeveel eise stel die gemeente aan hom wat nie direk met sy opdrag te doen het nie?

Artikel 21 bepaal dat kerkrade moet toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here geskied. In verband met die doopbelofte beteken dit dat ouers hulle vir Gereformeerde onderwys moet beywer en dat kerkrade indringend met hulle daaroor moet praat.
Vraag: praat ouderlinge tydens huisbesoek oor onderwys? Beoefen ouers hulle amp van gelowige met betrekking tot die Gereformeerde onderrig - nie net tuis en by die kerk nie, maar ook by die skool?

Artikel 23 stel dat ouderlinge huisbesoek moet doen tot stigting van die gemeente, sowel voor as na nagmaal.
Vraag: is ouderlinge se huisbesoeke kontinu (dit wil sê, nie net voor nagmaal nie)? Dien die huisbesoek tot stigting van die betrokke gesin, of word daar oor koeie en kalwers gepraat en vinnig na nagmaal gevra? Word daar behoorlik verslag gedoen en gepraat oor huisbesoeke, of word verslagvergaderings met "bekwame spoed", dit is sonder werklike belangstelling en verantwoordelikheid afgehandel?

Artikel 27 reël die dienstyd van ouderlinge en diakens.
Vraag: by hoeveel gemeentes is daar iets soos periodieke aftrede? Hoeveel broeders is lewenslank tot die kerkraad verkies?

Artikels 30 en 31 stel grense aan die agendas van kerklike vergaderings. Kerklike sake moet op kerklike wyse bespreek word.
Vraag: hoeveel tyd word op kerkraads- en meerdere vergaderings spandeer aan sake wat nie daar tuishoort nie? Hoe dien die meerdere vergaderings se agendas die stimulering van elke gelowige? Wat doen kerkrade met Handelinge van die Sinode? Wat weet die lidmaat uiteindelik van dit wat 'n sinode oor besin en besluit het? Let wel: kerkregering moet die amp van die gelowige stimuleer, nie onkundig hou nie.

Artikel 33 handel oor afvaardiging na 'n meerdere vergadering. Afgevaardigdes bring kredensiebriewe en opdragte na die meerdere vergaderings toe saam. Vraag: hoeveel afgevaardigdes weet werklik waaroor alle sake tydens die vergadering handel? Tot hoe 'n mate word daar voorberei sodat daar sinvol saamgepraat kan word, en tot hoe 'n mate laat afgevaardigdes hulle lei deur "mense wat weet van"?

Artikel 33 reël ook die stemreg tydens meerdere vergaderings.
Vraag: hoeveel keer word daar oor belangrike beginselsake gestem omdat daar nie genoeg oor die saak gepraat is nie? En dit terwyl

afgevaardigdes in geloof oor sulke sake honderd persent klarigheid moet hê en moet sáámstem? Hoeveel beswaarskrifte word as gevolg van hierdie verkeerde stempraktyk gebore?

Artikels 41 en 44 handel oor die werk van die klassis en kerkvisitasie.
Vraag: tot watter mate hou kerke binne ons Gereformeerde kerkverband oor mekaar toesig wat betref die eenheid in leer, diens en tug? Hoe is dit byvoorbeeld moontlik dat sekere kerke independent optree ten opsigte van bepaalde nagmaalgebruike sonder dat die kerkverband by wyse van visitasie iets daaraan doen?

Artikels 53 tot 55 bind alle ampsdraers, proponente ingesluit, aan die leer van die kerk. Die suiwere leer moet ten alle koste in die gemeente gehandhaaf bly.
Vraag: hoe is dit moontlik dat daar in die Kerkblad polemiek ontstaan tussen ampsdraers, en dit oor die suiwere leer? Tereg vra sekere lidmate in die briewekolom: wat moet ons glo?

Artikel 56 oor die doop.
Vraag: hoeveel erns maak ouers en kerkrade daarmee dat kinders wel so spoedig moontlik gedoop word? Word die doop nog beskou as teken en seël van God of word dit verlaag tot 'n familie-aangeleentheid?

Artikel 61 reël die toelating tot die nagmaalstafel.
Vraag: hoekom laat sekere kerkrade lidmate van nie-Gereformeerde kerke aan hulle nagmaalstafel toe? En wat word van die reëling dat sonder skriftelike getuienis van 'n ander kerkraad (van dieselfde kerkverband) deelname aan nagmaal geweier word?

Artikel 68 verplig predikante om die hoofinhoud van die Christelike leer, soos vervat in die Heidelbergse Kategismus, elke Sondag te verkondig.
Vraag: word dit nog so gedoen? Hoeveel tweede eredienste is al eiewillig afgeskaf? Hoe goed is lidmate in die Gereformeerde leer onderlê? Kan hulle onderskei tussen waarheid en dwaling?

Artikel 69 handel oor die kerklike lied.
Vraag: wanneer word die behoefte na vermeerdering van skrifberymings vervul? Ken ons al 150 Psalms so goed dat dit nie meer genoegsaam is om te sing nie?

Artikels 71 tot 80 oor die tug.
Vraag: hanteer kerkrade hierdie sleutel van die hemelryk nog met gesag en met die regte doel voor oë?

Artikel 81 verbind ampsdraers tot onderlinge toesig oor mekaar.
Vraag: word die artikel tot mekaar se stigting gebruik, persoonlik en op die man af, of word daar vae skote in die lug geskiet (bv. dat diakens eredienste nie getrou bywoon nie)?

Artikel 82 reël dat vertrekkende lidmate van 'n kerklike getuigskrif (attestaat) voorsien moet word.
Vraag: afgesien van leemtes wat tydens die Nasionale Sinode van 1991 aangespreek is, is dit eerbaar dat 'n kerkraad 'n lidmaat wegstuur met 'n pro forma "skoon" attestaat? Is ons in die kerk van Christus nie meer aan mekaar verskuldig as om van 'n lidmaat te kan sê dat hy - sover dit aan die kerkraad bekend is - suiwer is in leer en lewe nie?

### Geen rebellie, maar reformasie

'n Mens sou oor die toepassing van die Kerkorde nog veel meer kon sê. Enersyds laat die tyd my nie toe om dit te doen nie. Andersyds kan klink asof daar slegs probleme is, wat beslis nie waar is nie. Ter aanvang het ek gesê dat kritiek sowel positief as negatief moet wees. Daarby staan ek. Positief kan ons vasstel dat ons kerke 'n pragtig Skriftuurlike Kerkorde het. Ons basis is, Goddank, reg. Negatief moet ons konkludeer dat ons die basis op vele plekke en maniere verlaat. U het sopas enkele voorbeelde gehoor van hoe die Kerkorde-liniaal lyk, en hoe ons kerklike praktyk daarmee vergelyk. Rooi ligte brand op talle fronte.

Die opdrag is eenvoudig. Geen rebellie, maar reformasie. Dit beteken: terug na die fontein! Verlustig u in God se reg. Verdiep u almal in die Kerkorde en pas dit volgens die letter (dit sluit die gees in) toe. Onderlê die jeug van kleins af daarin. Dan doen u reg. Dan geld wat die Here Jesus ons in die bergpredikasie leer: "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word."

★★★★★

## Godsverwarring (2)
## Die demokratisering van die waarheid

In die vorige uitgawe van Waarheid en Dwaling is aandag gegee aan die deformasie wat intree wanneer God as "gebruikersvriendelik" gesien word. Daar is egter nog 'n gevaar wat besig is om die kerke binne te kom, naamlik die demokratisering van die waarheid.

Demokrasie is tans 'n modewoord. Op alles moet die stempel van demokrasie geplaas word, ook al hoe meer op die waarheid.

## Wie se waarheid?

Een van die grootste vraagstukke waarmee die kerk tans worstel is die vraag na die waarheid. Al meer stemme gaan op wat vra "wie se waarheid" geld, en nie "wat is die waarheid" nie.

## Wat is die waarheid?

Daar het 'n ongekende verwardheid ingetree oor wat met die waarheid bedoel word. Mens kry selfs die siening, soos deur 'n bekende teologiese professor van Unisa op TV gestel, dat as iemand beweer dat hy die waarheid ken, hy godslasterlik praat. Vir baie is die waarheid nog 'n grootse "ding" wat in die lug hang, wat nooit verander nie en wat mens sekerheid en sekuriteit bied. Daar het die afgelope dekades so baie veranderings ingetree dat talle mense wonder: "Is dit wat ek nog altyd geglo het, reg?". Baie ander mense het agtergekom dat sekere dinge verkeerdelik die as waarheid bestempel is, en dat dit nou onwaar blyk te wees. Ander weer sukkel met die onderskeiding van die "geeste". Wanneer is iets die waarheid en wanneer het ek dit maar net vir myself as waarheid verklaar? Nog ander het in algemene sinisisme verval omdat die wortels van hulle geloof aangeval is, en beweer nou dat daar geen waarheid bestaan nie.

## Niemand het waarheid volledig nie

Die mees populêre siening oor die waarheid blyk tans te wees dat niemand die waarheid volledig kan ken nie. As die waarheid bestaan, is dit in elk geval te groot om deur een mens volledig geken te word. En dit is juis hier waar die demokratisering van die waarheid ingetree het. Dit word gelykgestel aan die openbare mening. Slegs dit wat deur die meeste mense as waar en geldig aanvaar word, is waar en geldig totdat daar iets nuuts op die toneel verskyn wat weer deur 'n nuwe meerderheid as geldig aanvaar word. Vir laasgenoemde groep is dit dan ook dom en onsinnig om te vra "wat is die waarheid?". Hulle antwoord is dat daar nie 'n ewig geldende waarheid is nie, omdat die waarheid verander soos wat die tye verander (mense glo mos bv. nie meer dat die aarde plat is nie). Vir hulle is dit net belangrik om te weet wat nou as waarheid geag word.

## Wat sê die mens

Wat sê die meeste mense is die waarheid? Om die antwoord op die vraag te bepaal, is gesprek en dialoog so uiters belangrik. Die proses van "waarheid maak" is deesdae belangriker as die waarheid self. Hierdie proses noem ons die demokratisering van die waarheid. en deesdae slaan dit ook in ons kerke uit. Daar moet gepraat word totdat jy die waarheid het.

## Gemeentegesprek

Daar gaan al hoe meer stemme op dat lidmate meer "sê" moet kry in die kerke. Daarom word deesdae ook so baie klem gelê op preekbesprekings. Natuurlik is dit nie verkeerd om die predikant se preek te bespreek nie, maar die gevaar ontstaan dat die "gemeente" met die "dominee" in 'n soort gesprek kom. Hierdie gesprek sou dan dien om by die waarheid uit te kom. Hier het 'n subtiele klemverskuiwing plaasgevind, naamlik dat die waarheid nie meer in die Woord en waaragtige Woordverkondiging geleë is nie, maar in die proses van gesprekvoering. Onderliggend aan hierdie siening is ongeloof. Daar word getwyfel of die Woord die waarheid is, en al is die Woord die waarheid, is dit 'n "ou teks" wat deur die dominee geïnterpreteer moet word, en wie sê dat hy die waarheid ken? Hoe meer die gemeente klem lê op hulle eie volwassenheid (wat onderskei moet word van geloofsvolwassenheid), hoe meer sal die aandrang kom op dialoog met betrekking tot die prediking. Die gevaar lê inherent daarin dat die prediking slegs 'n inleiding tot die gemeentegesprek word, en dat die dialoog naderhand die lewendige woordverkondiging heeltemal verdring.

## Meningsopnames

'n Tweede voorbeeld van hoe die demokratisering van die waarheid al ingedring het, is die meningsopnames wat deesdae in gemeentes gedoen word. Die meningsopname dien dan as voelhoring om te bepaal "hoe die meeste lidmate oor die saak voel", en dien ook as termostaat om te bepaal of die gemeente "al reg is" vir 'n nuwigheid wat in die kerk ingevoer moet word. Meningsopnames in die kerk is 'n onding. In God se kerk is dit tog nie belangrik wat die mense sê nie, maar wat God sê. Meningsopnames in die kerk is ook baie verdag omdat dit die indruk skep dat die klimaat eers verander moet word voordat iets toegepas word. Reformasie werk egter nie so nie. Reformasie toets nie eers die mening van die meerderheid voordat 'n verandering treetjie vir treetjie aangebring word nie. Reformasie is om God se woord onveranderd te verkondig en om aan te dring op onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God se woord. Reformasie is om God se wil onmiddellik en onvoorwaardelik te wil doen - ongeag of die mense gereed is daarvoor, of nie. Daar moet ook baie versigtig

opgelet word dat sinodes nie in hierdie slaggat trap nie. Dit kan gebeur dat sekere sinodegangers oor beginselsake stem sonder dat daar deeglik na die Woord geluister word (dit het al baie gebeur dat sinodegangers nie so goed voorberei is nie). "Stemmemakery" op enige kerklike vergadering is ook waar onvoorbereide ampsdraers "agter die meerderheid aan" stem. Volgende keer: "Wie is die waarheid?"

A.L.A. Buys

★ ★ ★ ★ ★

# SKRIFBESKOUING IN DIE GEREFORMEERDE KERKE

**Voordrag van prof. G.J.C. Jordaan gelewer by die G.T.V. in Pretoria-Oos op 6 Feb. 1995.**

Daar moet onderskei word tussen "die Gereformeerde Skrifbeskouing" en "die Skrifbeskouing in die gereformeerde Kerke". Oor laasgenoemde is daar 'n wye spektrum van beskouings. Tog is daar so iets soos 'n eg Gereformeerde Skrifbeskouing.

### *Wye spektrum van Skrifbeskouings*

L. Caplan beskryf die spektrum op sy wydste as twee teëpole naamlik die fundamentalisme en die modernisme. Hierdie indeling is egter onvoldoende, omdat dit te vaag en veralgemenend is en omdat dit slegs uiterste pole beskryf. Die moontlikheid van tussenvariasies moet ondersoek word.

### *Vier hoofkategorië*


Die twee uiterste sienings is die (Amerikaanse) fundamentalisme en die Radikale skrifkritiek. Oorvleuelend tussenin kan die Gereformeerde fundamentele beskouing en die relativisme geplaas word. Skematies kan dit soos hieronder voorgestel word.

### *Verwarring*

Die huidige tipering van die fundamentalisme is te vaag en dit kan feitlik alle Protestantse beskouings insluit. As gevolg van hierdie vae tipering word fundamentalisme dikwels verwar met die Gereformeerde fundamentele Skrifbeskouing. Daar is egter grondliggende verskille tussen die twee ten opsigte van verskeie sake:

★ Skrifbeskouing (fundamentalisme telkens eerste genoem): - meganies teenoor organies,
★ Skrifgesag - foutloosheid teenoor onfeilbaarheid,
★ Historiese karakter van die Skrif - tydloos teenoor tydgerigtheid,
★ Skopus van die Skrif en Skrifuitsprake - eenvlak-openbarings teenoor openbaringshistoriese voortgang,
★ daar is ook soms verskil oor die plek van die Belydenisskrifte.

Ten spyte van hierdie verskille kom Fundamentalistiese beskouings wel in die Gereformeerde Kerke voor.



## *Skrifkritiek en Relativisme*

Daar is aan die ander kant weer ooreenkomste tussen die Radikale Skrifkritiek en die Relativistiese Skrifbeskouing. Albei skaal die Goddelike gesag van die Skrif af, albei minimaliseer die Heilige Gees as skrywer, albei verwerp die eenheid van die hele Skrif.

Daar is egter ook verskille tussen die twee sienings. Terwyl die Radikale Skrifkritiek die inspirasie van die Skrif in geheel verwerp, relativeer die Relativistiese Skrifbeskouing die Skrifinspirasie (kanon binne die kanon, of stimulus-inspirasie). Radikale Skrifkritiek verwerp die Goddelike gesag van die Skrif en relativisme relativeer gesag tot 'n funksionele gesag (de facto/de jure-gesag). Die Radikale Skrifkritiek ontken enige Skrifboodskap vir vandag terwyl die relativisme die Skrifboodskap as relatief sien tot die mens se ervaring daarvan (vgl. Bultmann - Barth - Kuitert se relasionele waarheidsbeskouing). Variasies binne die Relativistiese skrifbeskouing kom ook voor soos onder andere kulturele relativisme (soos by Wells en Nineham wat Skrifuitsprake as tydgebonde beskou), en funksionele relativisme (soos by Barr wat gesag sien as 'n "insoverre as-" siening).

Verskillende gedaantes van die Relativistiese Skrifbeskouing kom in die Gereformeerde Kerke voor.

## *Gereformeerde Skrifbeskouing*

Die belydenisskrifte dien as maatstaf vir die eg Gereformeerde beskouing (ten opsigte van Skrifbeskouing NGB art.1-7).

### Inspirasie

Artikel 3 bely die geïnspireerde Woord van God. Teenoor die fundamentalisme word die volgende bely: Die Bybel is 'n boek van 100% Goddelike oorsprong ("want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie" 2 Pet. 1:21) met die Heilige Gees as die eintlike skrywer ("deur die Heilige Gees gedrywe," 2 Pet. 1:21). Tog is die Bybel ook 'n 100% menslike besoek, geskrywe deur mense van verskillende tye, agtergrond en geleerdheid ("God het...sy knegte, die profete en die apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel"). Hierdie beskouing bekend as dié van organiese inspirasie.

### Eenheid

Die eenheid van die Skrif word as eenheid in verskeidenheid bely. Die NGB verwys na die Bybelboeke as "Heilige Skrif" (art. 4 en 7) en as "Goddelike Skrifte". Juis omdat daar te midde van vele menslike skrywers EEN eintlike Skrywer is (art.3), word die boeke van die Bybel as 'n eenheid beskou. So word bely in art.4: "Ons vat die Heilige Skrif (enkelvoud) saam in twee boeke, die van die Ou en die Nuwe Testament" (en daarna word al die individuele boeke met hulle onderskeie skrywers genoem, dit wil sê die verskeidenheid. Verskeidenheid word dus bely teenoor die Fundamentalisme en eenheid teenoor die Radikale Skrifkritiek en die Relativisme.

### Gesag

Die Skrif het onweerspreekbare gesag ("...waar niks teen gesê kan word nie" art.4), wat nie deur mense daaraan verleen word nie ("...nie omdat die Kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie..." art.5) maar wat van buite die mens met gesag spreek ("...omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is, en omdat hulle ook die bewys daarvan in hulleself het" art.5). God se doel met die Skrifgesag gestel teenoor die Fundamentalisme en relativisme is (a) om Hom te ken ("Hy maak Homself bekend art.2) en te verheerlik ("...tot sy eer" art.2) (b) om die weg van saligheid te leer ken ("...en die saligheid" art.2) en (c) om Hom reg te kan dien ("Ons glo dat die Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat...die wyse waarop God deur ons gedien moet word" art.7)

### Duidelikheid

God openbaar Hom duidelik in die Skrif ("..God maak Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy Heilige en Goddelike Woord" art.2 en ook "...aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is" art.5). Dit beteken egter nie dat alle Skrifuitsprake ewe duidelik is nie. Maar juis vanweë die eenheid van die Skrif lees ons (by wyse van Skrif-met-Skrif-vergelyking) die minder duidelike in die lig van die duidelike - daar word altyd die aksiomatiese as vertrekpunt geneem en nie die problematiese nie.

## *Skrifbeskouing in die Gereformeerde Kerke*

Word die Gereformeerde Skrifbeskouing soos in ons Belydenis verwoord, konsekwent in die Gereformeerde Kerke gehandhaaf? Daar is gebrekkige gedokumenteerde materiaal oor die saak. Die gevaar van veralgemening moet ook vermy word. Soms kom daar nie soseer 'n afwykende Skrifbeskouing nie maar 'n afwykende hantering daarvan.

## Fundamentalisme

Fundamentalisme kom van tyd voor in die manier waarop die Skrif hanteer word. Dit is dikwels sigbaar in die manier van Skrifberoep asof die Skrif tydloos en konteksloos is. 'n Paar voorbeelde ter verduideliking:
- Die Deputate Volkereverhoudings verklaar gebiedskeiding van volkere gewens op grond van Hd.17:26, wat sê dat God vir "al die nasies...die grense van hulle woonplek vasgestel het" (Acta, 1985:443).
- Die Deputate van Sinode Soutpansberg se pleidooi vir gesamentlike eredienste met tolke vir anderstaliges met 'n Skrifberoep op 1 Kor. 14:27 "En as iemand in 'n taal spreek...laat en dit uitlê" (Acta, 1991:650).
- Ook die hedendaagse herhaalde wekroep na liefde en vrede en versoening in die samelewing, met 'n beroep op die Skrif, het die tipiese trekke van die fundamentalisme - hierdie begrippe word hulle bedoeling in die Bybel gebruik, ja, misbruik.

Soms is Fundamentalisme sigbaar in 'n valse teenstelling tussen Skrif en belydenisskrifte. Daar is egter min gepubliseer. Dit is egter verstommend om te sien dat daar Gereformeerde lidmate is wat wel bereid is om soos volg hulle hand op papier te waag (per brief, gedateer 20 Jan 1995): "Waar staan in die Bybel geskryf dat die Gereformeerde Kerke belydenisskrifte moet hê...Daar staan nêrens in die Bybel dat daar uit die Kategismus gepreek moet word nie. M.i. kan al die belydenisskrifte... verwerp word."

Die vraag oor of verwysing na Christus in die Ou Testament (bv. Kneg, Seun, Koning) met 'n kleinletter vertaal word is ook hier belangrik. Die aandrang dat ons die Kneg-tekste in die Ou Testament moet lees sonder inagneming van die lig van die Nuwe Testament, loop ook op die spore van die Fundamentalisme.

## Relativisme

Die funksionele gesagsbeskouing kom by G. Snyman voor (In die Skriflig, 1992:258). Hy beskuldig die gereformeerde teologie van "naïewe realisme" omdat dit daarvan uitgaan dat die Bybel 'n objektiewe (buite-die-mens-om) openbaring van God bevat. Hy skryf: "Dit wil eerder voorkom of die subjektiewe inderdaad 'n groter en selfs primêre rol speel in die leesproses (van die Bybel)".

Die relasionele waarheidsbeskouing kom by J. Botha voor. Botha (Semeion, 1988:13,15, Pretoria : N.G. Kerkboekhandel) skryf oor die interpretasieproblematiek van die Nuwe Testament: "Waarheid is nie alleen buite die menslike subjek te vinde nie, maar ook nie alleen binne die mens nie".... "Persoonlik bevredig die wetenskapsmodel van die historiese skool en die relasionele waarheidsmodel my meer as die ander alternatiewe".

Oor die skopus en duidelikheid van die Skrifopenbaring dien die Beswaarskrif van Klassis Boland (Agenda, 1994:227-228) as voorbeeld. Die sentrum of skopus van die Skrif word gedefinieer as "God se verlossingswerk in Jesus Christus". By Luther lê die klem van die Skrif meer op die saligheid en by Calvyn op die eer van God. Die Bybel as openbaring van die wyse waarop ons God moet dien word dus gerelativeer, soos blyk uit die volgende: "Die Skrif is dus inderdaad reël vir die Christelike geloof en lewe, maar dit is nie op dieselfde wyse vir sowel geloof as lewe nie" (1994:229-230).

Die duidelikheid van die Skrif word dus in die Beswaarskrif beperk: "Oor sommige sake is die Skrif duidelik (bv. die verlossing in Christus), en oor sommige sake is dit onduidelik (bv. of christene die Sabbat moet hou)" en "die Skrif alleen (het) spesifiek betrekking op wat nodig is vir saligheid" en "die Skrif alleen (is) genoegsaam vir kennis tot die weg tot saligheid" (1994:229,232). Opvallend word in hierdie Beswaarskrif die problematiese en onduidelike telkens as vertrekpunt geneem: "Dit is 'n legitieme vraag of hierdie uitsprake... hoegenaamd vir alle tye (geld)" en "ten opsigte van hierdie twee Skrifdele (1 Kor. 11 en 1 kor. 14) kan die volgende onduidelikhede aangetoon word..." (Acta, 1994:235).

## *Slot*

Daar is dus wel in die geledere van die Gereformeerdes aanduidings van wyd uiteenlopende standpunte oor die Skrif en Skrifgesag - vanaf die fundamentalisme tot die relativisme. Om te probeer om al hierdie standpunte onder een kombers van die belydenisskrifte toe te maak is onbevredigend - trouens, onmoontlik. Daarvoor is die Gereformeerde belydenisskrifte aangaande Skrifgesag eenvoudig te duidelik. Ons Gereformeerde belydenis vra op hierdie punt nie toleransie of akkomodasie nie, maar reformasie.

★ ★ ★ ★ ★

*BOEKBESPREKING*

STOKER, H.G.

# Die Jehovah-Getuies: 'n Onchristelike kulte?

Potchefstroom:
Dept. Sentrale Publikasies. 471p.
Prys: R63-85.

## FORMELE ASPEKTE

Die boek beslaan 'n lywige 471 bladsye in 'n A5 formaat. Die boek is van 'n semi-hardeband omslag voorsien en volgens die "inhang"-metode gebind. In die hantering van die boek het die bladsye deurgaans stewig gebind gebly. Die boek is voorsien van 'n uitgebreide inhoudsopgawe, 'n onderwerpregister en 'n Skrifindeks. Hierdie hulpmiddels maak die naslaan van onderwerpe wat behandel word maklik. Die indekse sal ook handig te pas kom wanneer 'n mens in gesprek tree met 'n Jehovah-Getuie. Die inhoudsopgawe is so saamgestel en bewoord dat dit die leser prikkel om die boek te lees.

Naas die inleiding is die boek in drie afdelings ingedeel. Die boek bestaan uit agt hoofstukke. Met die eerste oogopslag verwag 'n mens eintlik dat hoofstuk drie later in die boek aan die orde moet kom (voor of in hoofstuk agt). Die wyse van beoordeling in hoofstuk drie maak dit egter 'n hegte eenheid met hoofstuk twee in afdeling een. Elke afdeling vorm byna 'n selfstandige eenheid op sigself. Dit het tot gevolg dat daar soms redelike mate van herhaling van inligting voorkom, maar dit hoef nie negatief beoordeel te word nie.

Die magdom literatuur wat hanteer is, is geensins oordadig nie en die boek lees baie maklik.

## INHOUDELIKE ASPEKTE

### Inleiding

In die inleiding word die uitgangspunte waarvolgens die beoordeling van die Jehovah-Getuies (JG) gedoen word volledig uiteengesit. Dit is van die begin af duidelik dat die studie op suiwere gereformeerde grondslag gedoen is. Die nuutskepping van die woord "kulte / kultaries" dui op die baanbrekerswerk van die studie.

## AFDELING I

Die eerste deel handel oor kultes in die algemeen en of die JG aan die beskrywing voldoen.

### Hoofstuk 2

Stoker beskryf die eienskappe van 'n kulte eenvoudig, duidelik en volledig genoeg dat hy daardeur 'n meganisme daarstel waarvolgens 'n mens vreemde godsdienstige groepe kan beoordeel en klassifiseer. So noem hy dan ook dat een van die heel eerste en uitstaande kenmerke van 'n kulte is dat hulle 'n buite-Bybelse bron het wat "nuwe lig" op die Woord werp. Die beheer wat die kulte op die totale lewe van die mens het, word baie illustratief aangetoon. 'n Mens staan verstom by die lees daarvan dat sulke gruwels onder die noemer "godsdiens" bedryf kan word. Die inligting wat verskaf word is van so 'n aard dat praktiese riglyne vir die benadering en hantering van kultelede maklik daaruit afgelei kan word. Stoker wys ook daarop dat selfs Christene maklik onder die invloed van 'n kulte kan kom. Die hoofstuk kan ook dien om sodanige mense te identifiseer en simpatiek aan te spreek.

### Hoofstuk 3

In hierdie hoofstuk toon Stoker uit die JG-lektuur en praktyk aan dat die JG voldoen aan die eienskappe van 'n kulte wat in hoofstuk twee uiteengesit is. Alreeds in hierdie hoofstuk word baie duidelik aangetoon dat die JG die Skrif mis(ge)bruik om hul dwaalleer te verkondig. Stoker se studie het deurgedring tot die binnekamers van die JG en aan die lig gebring dat hulle met kultariese terminologie hulle volgelinge verwar en verlei tot afgodery. Hierdie terminologie moet in gedagte gehou word wanneer die Evangelie van Jesus Christus aan 'n JG gebring word. Wat die Here byvoorbeeld met "heiligheid" in die Bybel bedoel is nie dieselfde as die wêreldmyding wat die JG daarmee bedoel nie. In die hoofstuk word ook aangetoon dat die "Moederorganisasie" verantwoordelik is vir die bevel en beheer van die kulte.

## AFDELING II

In hierdie afdeling word die geskiedenis van die Wagtoringorganisasie (JG) en die geskiedenis van die ontwikkeling van sommige van hulle leerstellings en voorspellings uiteengesit.

## Hoofstuk 4

Hier word die belangrikheid van die korrekte lees van die Skrif aangetoon. Stoker toon insiggewend aan dat ook hierdie kulte (dwaling) ontstaan het a.g.v. die ongehoorsame (verkeerde) lees van die boek Openbaring, en leengoed van toe reeds bestaande sektes. Uit die hele geskiedenis blyk dit dat 'n mens enigiets met die leuen as "waar" kan bewys. Stoker deel die geskiedenis in verskillende eras in, waartydens die belangrikste leiers soos Russell, Rutherford, Knorr en Franz die voortou geneem het. Hy weerlê ook die bewering van die JG dat hul kulte sy oorsprong so ver terug as Abel se geskiedenis in Genesis 4 het. Die geskiedenis van die organisasie versterk die bevinding dat die JG deur en deur as 'n kulte bewys kan word.

## Hoofstuk 5

Na die lees van hierdie hoofstuk is daar by 'n mens geen twyfel meer oor die valsheid waarop die kulte geskoei is nie. Stoker slaag in sy doel om die aanspraak van die JG dat hulle die enigste kanaal tussen God en sy volk hier op aarde is, as 'n opperste valsheid en kultarisme aan te dui. Op 'n baie realistiese wyse laat Stoker 'n mens betrokke raak by die gesprek met 'n Getuie waarin die onakkuraatheid en absurditeit van hulle profesieë (veral die voorspelling van die laaste dae - waarin hulle spesialiseer) aangetoon word. Die kulte se leerstellige geskiedenis het 'n hoë mate van onakkuraatheid en inkonsekwentheid wat alreeds wesenlik deel van die organisasie geraak het.

## AFDELING III

## Hoofstuk 6

Die gedagte en indrukke wat by menigte lidmate bestaan dat die JG maar net 'n vorm van aanbidding van die ware Drie-enige God is, word deur Stoker weerlê. Die streng toepassing van die bekende hermeneutiese reël van Skrif-met-Skrif-vergelyking, ontmasker die valse godsbeskouing van die JG. Hulle god is nie alwetend nie, bly ver op 'n planeet, word op hoogte gehou van die gebeure hier op aarde deur engele (waarvan Jesus Christus een is), is nie Drie-enig nie, ens. ens. Die Godheid van die Heilige Gees en van Jesus Christus is van die dogmatiese kwessies wat in hierdie hoofstuk aangesny word. Die eksegetiese hantering van teksverse maak die hoofstuk ook geskik vir die gebruik in dialoog met 'n JG. Hoofstuk 6 is by verre die hoogtepunt van die boek en Stoker se aanbieding van die stof dien ook tot geloofsversterking en -verryking.

## Hoofstuk 7

Baie ander interessante leerstellings van die JG word in hierdie hoofstuk behandel soos o.a. die vrae hoe en of Jesus gekruisig is, of Hy opgestaan het uit die dood, of daar lewe na die dood is, en of daar net 144 000 mense hemel toe gaan. 'n Paar belangrike etiese sake soos bloedoortapping, militêre diens en politiek word uit die Skrif beantwoord. Laastens word die New World Translation as vertaling geëvalueer. Die groot verskil tussen die Christengeloof en die JG kom ook duidelik in hierdie hoofstuk na vore nl.: Die verlossing wat vir die Christen so seker en vas is, is die saak waaroor die JG die meeste onsekerheid het. Die uiteensetting van hulle leer gee 'n mens 'n aanduiding waar om in te val wanneer die Evangelie aan 'n JG bedien word.

## Hoofstuk 8

Stoker kom tot die gevolgtrekking dat die JG volledig aan die beskrywing van 'n kulte voldoen en dus 'n kulte is, dat hulle boonop onchristelik in hulle leer is en aan hewige dwaalleer onderworpe is. Na die lees van die boek kan daar ook met spanningsvolle afwagting uitgesien word na 'n werk oor die praktiese benadering en begeleiding van kultelede van veral die Jehovah-Getuie kulte.

## SLOTOPMERKINGS

Stoker het 'n studie met 'n doel aangepak - en duidelik daarin geslaag. Die boek kan moontlik beskou word as standaardwerk oor die Jehovah-Getuies in Afrikaans. Met die vele positiewe resensies wat die boek reeds ontvang het kan dit aanbeveel word, nie net as 'n lekker leesboek oor die gebeure agter die mure van Bethel nie, maar ook as studiebron vir Bybelstudiegroepe en Evangelisasie-aksies, as toerusting vir die katkisante en belydenisklas, en ook as handleiding vir die huisvrou wat onverwags op 'n Maandagmôre opgeklop word deur 'n "vriendelike Getuie"! Die Jehovah-Getuies: 'n Onchristelike kulte? is 'n moet vir elke gelowige se boekrak!

★★★★★

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ........................................

Adres: ........................................

........................................

........................................

Poskode: ....................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ........................................

Datum: .................... Handtekening: ....................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS